

SAHARA-AVONTUUR

# GRAF IN DIE WOESTYN

deur

MEIRING FOUCHÉ

'N AFRIKANER IN DIE VREEMDELEGIOEN

OORSPRONKLIKE VERHAAL

PRONKBOEKE

TEUNS STEGMANN, die Suid-Afrikaner in die Vreemdelegioen, 'n paar van sy getroue vriende en 'n afdeling rou rekrute is op 'n sending in die Saharawoestyn toe 'n sandstorm hulle oorval. Hulle vlug na 'n grot in 'n rotsrif en op pad soontoe doen hulle 'n vreemde ontdekking. Daar in die verlate woestyn lê 'n eensame graf, goed versorg en met 'n netjiese houtkruis daarop.

Voordat hulle die grot bereik, kom hulle nog 'n raaisel teë: 'n trop vee wat om een of ander rede daar op 'n hoop gesterf het.

Binne in die grot wag nog 'n verrassing vir hulle . . . en toe hulle die volgende dag die nabygeleë oase besoek, word hulle daar deur 'n weersinwekkende gesig begroet.

En toe sak die gevaar uit die omliggende woestyn op hulle toe . . .

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Kreet in die Donker ... ... ... | 5 |
| 2. | Verwoesting by 'n Oase ... ... | 16 |
| 3. | Hulle Kom! ... ... ... ... | 29 |
| 4. | Skokkende Ontdekking... ... ... | 36 |
| 5. | Een het Verdwyn ... ... ... | 44 |
| 6. | Slagting in die Grot ... ... ... | 52 |
| 7. | Noordwaarts ... ... ... ... | 60 |
| 8. | Spore in die Sand ... ... ... | 68 |
| 9. | Die Waansinnige ... ... ... | 76 |
| 10. | Tydige Verrassing ... ... ... | 85 |


## Hoofstuk 1

## KREET IN DIE DONKER

IN die wildernis van die suidwestelike Sahara kom die klein patrollie van die Vreemdelegioen dankbaar tot staan toe hul leier sy hand omhoog stoot. Baie ure lank het hulle nou al deur die sand aangeslof gekom, skoon verbaas deur die vreemde tonele waardeur hulle beweeg.

Die Sahara lyk hier anders as wat hulle hom ken. Hier lyk dit soos 'n toneel uit 'n maanlandskap. Hier word die eindelose eentonigheid van sand opgebreek deur 'n eienaardige rotsagtigheid; deur snaakse miershooprotse wat uit die sand opstaan en hul spits toppe na die lug opstoot. Hier en daar lê groot klipformasies met klein swart spelonke daarin. Hulle lyk soos reuse-heuningkoeke wat hier op die rooi sand van die Sahara rondgestrooi lê. Dit is 'n eienaardige en 'n vreesaanjaende toneel hierdie en die manne hou daar niks van nie.

Die leier van die patrollie van twaalf legioen-

soldate is 'n lang, indrukwekkende, blonde man met breë skouers en die helderste blou oë. Hy is 'n Suid-Afrikaner—seker die enigste Suid-Afrikaner in die hele Franse Vreemdelegioen in die Sahara. Sy naam is Teuns Stegmann.

Teuns Stegmann kyk 'n bietjie angsvallig na die landkaart wat hy op die sand voor hom oopgesprei het. In hierdie wildernis, dit weet hy, moet die klein oase Kedar geleë wees. Hy is haastig om dit nou op te spoor want na die weste het hulle reeds die gevaarlike geelrooi band gewaar wat altyd 'n aanduiding is van 'n woeste sandstorm. Hy wil graag hê hulle moet die beskutting van die klein oase bereik voordat die sandstorm hulle tref. Hy is verantwoordelik vir die twaalf man. Hy het hul lewens in sy hande. Hulle is nog onervare. Hy is spesiaal uit Fort Laval met hierdie klompie weggestuur om hulle gewoond te maak aan die eise wat die woestyn aan jou stel. Om hulle te brei in die hete son en die koue nagte van die Sahara. Om hulle te leer hoe om die sterre as 'n rigsnoer te gebruik wanneer hulle moet marsjeer. Hy moet hulle uithouvermoë leer hier in die kastydende wildernis van sand en son. Behalwe homself is daar nog net twee ervare manne in die patrollie—Jack Ritchie, die blonde Engelsman, en Podolski, 'n groot en stewige Pool wat selfs langer as Teuns Stegmann in die Vreemdelegioen is.



Daarby is die Suid-Afrikaner begerig om sy patrollie by die oase uit te bring omdat hul water al baie min geword het. Die flesse is al byna leeg. Buitendien is hierdie manne tot die dood toe uitgeput. Hulle is nog nie gewoond aan die hoë eise wat die Sahara aan jou stel nie. Hy weet dit is baie noodsaaklik dat hulle nou eers moet rus.

Nadat hy die landkaart klaar geraadpleeg het, kyk hy onrustig om hom heen. Hierdie toneel inspireer selfs die mees geharde man met vrees. Dit is 'n godverlate wêreld. Hy verkies eerder die gladde gelyktes en die hoë, ronde rûe van die sandwoestyn. Hierdie klipperige opstotings wat in sommige gevalle uitloop op hoë rantjies is vir hom net te veel. Dit is 'n aaklige gesig. Hy draai om en kyk weswaarts. Hy sien hoedat die sandstorm uit die woestyn opkook. En omdat hy weet wat 'n sandstorm in die woestyn beteken wanneer jy nie die een of ander beskutting het nie, kyk hy weer ongeduldig ooswaarts. Waar is die oase van Kedar dan? Dit moet tog in hierdie omgewing wees. 'n Oomblik pak die bitter vrees hom dat hy die manne miskien verkeerd gelei het. Met hulle miskien die verkeerde rigting ingeslaan het. Dalk 'n paar myl by die oase verbygesteek het. Dit kan hy egter skaars glo want hy het wye ervaring in die Sahara, en hy maak nie maklik 'n fout nie.

Teuns is bewus daarvan dat Jack Ritchie en

Podolski, sy twee goeie vriende, langs hom kom staan het. Nie een van hulle praat nie. Hulle staar al drie na iets voor hulle op die woestyn aan die voet van een van hierdie swart rotsformasies wat soos 'n Transvaalse miershoop sy punt omhoog hef.

„Gewaar jy iets?" vra Podolski eindelik. „Gewaar jy nog nie tekens van die oase nie?"

Teuns antwoord aanvanklik nie. Sy gesig lyk gespanne van konsentrasie. „Sien julle wat ek sien?" vra hy eindelik.

Jack Ritchie kyk na die lang Suid-Afrikaner en toe kyk hy weer oor die woestyn weg ooswaarts.

„Ek sien ook iets," sê Jack. „Ek weet nie of ons twee dieselfde ding sien nie."

„Wat ek sien," sê Teuns, „lyk soos 'n graf, met 'n kruis by die kop daarvan."

„'n Graf?" lag Podolski. „Moenie verspot wees nie," sê hy. „Wie sal nou iemand hier begrawe en dan nogal 'n kruis inplant—hier in hierdie godverlate gemors? Is dit werklik nodig dat ons hierdie ellendige kontrei moet besoek?"

Teuns Stegmann staan 'n paar tree vorentoe. Hou sy hand oor sy oë asof hy so beter kan sien. Daar is 'n diep frons op sy voorkop.

„Ek sê vir julle daardie is 'n graf," sê die lang Suid-Afrikaner eindelik. „Laat ons gaan



kyk. Die oase moet in elk geval hier in die nabyheid wees."

Die manne wat intussen op die sand gaan sit en gaan lê het, kom op 'n bevel van Teuns orent en hy lei hulle onmiddellik weg na die rotsformasie waar hy die vreemde verskynsel sien. 'n Graf in hierdie wêreld? Dit is 'n vraag wat 'n mens wel kan vra, dink hy. Wie op aarde sou nou hier begrawe lê? En wie sou hier 'n kruis inplant?

Toe hulle op die toneel kom, sien Teuns dat sy vermoede korrek was. Voor hulle, reg aan die voet van die spits, ronde rots lê daar 'n netjies versorgde graf. Dit is egalig opgewerk uit die woestyn; dit is netjies met klippe bestraat en aan die koppenent staan 'n stewige houtkruis.

Wat Teuns en die ander eindelik meer interesseer as enigiets anders, is die feit dat hierdie graf klaarblyklik heel onlangs hier gemaak is.

Op die houtkruis is 'n eenvoudige inskripsie ingebrand. Eenvoudig en tog ook besonder buitengewoon, sodat die manne lank en aandagtig daarna staan en kyk.

Skynbaar is die inskripsie met 'n warm draad of iets van dié aard op die harde hout ingebrand.

„Hier rus Jean Pierre Verchors," so lui die inskripsie op die kruis. „Sy bloed sal gewreek word."

Teuns Stegmann lees die woorde 'n paar maal en toe herhaal hy hulle hardop :

„Hier rus Jean Pierre Verchors. Sy bloed sal gewreek word."

Skoon uit die veld geslaan kyk hy eers na Jack Ritchie en toe na Podolski. „Wat op aarde kan dit beteken?" Dit is die vraag wat in elkeen se oë lê. Wie is hy wie se bloed gewreek sal word, en wie is dit wat hierdie dreigement uitgespreek het? En hoe kom dit dat 'n man wat klaarblyklik 'n Fransman is, hier begrawe lê, in hierdie afgeleë, verlate uithoek van die Sahara?

By nader betragting sien hulle dat die graf selfs nog netjieser is as wat hulle aanvanklik gemeen het. Met die grootste sorg en toewyding het iemand vir Jean Pierre Verchors hier begrawe. Die sand opgestryk en toe klippe aangedra en hulle met die grootste presiesheid oor die sandhoop gestapel. Dit is so deeglik gedoen dat hierdie klipgraf, so verlore soos dit is in die eensaamheid, baie jare die elemente hier in die sonnige Sahara sal trotseer.

Maar bowe-al besef die manne terwyl hulle skoon verslae daarna staar, dat hierdie 'n liefdestaak is. Dat dit 'n taak is wat met pragtige toewyding en 'n kragtige liefde gedoen is. En klaarblyklik is dit deur 'n Fransman gedoen, want die inskripsie is in Frans.



„Dalk 'n familiebetrekking wat hom hier kom begrawe het," sê Jack Ritchie.

„Dit moet so wees," antwoord Teuns, maar hoe op aarde dink jy sou 'n familiebetrekking hier uitgekom het? Dit is myle en myle van die naaste karavaanroete. Dit is in die omgewing van die oase Kedar. En die Arabiere van Kedar is berug daarvoor dat hulle nie veel simpatie met 'n blanke het nie—veral nie met 'n Fransman nie. Ek weet nie. Dit lyk vir my onwaarskynlik dat iemand spesiaal hierheen sou kom om hierdie graf te kom versorg."

Dit is toe dat een van die nuwe rekrute in die patrollie Teuns se aandag op iets anders vestig. 'n Paar tree van die graf af het die jong man iets in die sand oopgeskop.

„Kyk hier, *mon sergeant*," sê die rekruut, want vir die doel van hierdie patrollie, is Teuns Stegmann tydelik die rang van sersant toegeken.

Teuns staan nader en buk onmiddellik om beter te kan sien. Bo die sand steek 'n stuk riem uit, met 'n stewige oog aan die punt. Teuns kyk 'n oomblikkie daarna, toe begin hy geesdriftig grawe en na 'n paar minute het hulle iets uit die sand ontbloot wat vir hulle nuwe lig werp op die graf van Jean Pierre Verchors. In die sand staan daar vier stewige houtpenne en aan elkeen van die penne is 'n kort stuk riem vas, elk met 'n oog aan die punt.

„Nou is dit duidelik," sê Teuns toe hy met 'n siddering orentkom. „Wie hierdie Jean Pierre ook al is, hy is hier deur die Arabiere doodgemartel. Hulle het hom hier kom vasmaak en hom so aan die Sahara oorgelaat—aan die hitte van die dag, aan die koue van die nag en aan die aasvoëls. Nou verstaan ons minstens hoedat die ongelukkige Jean Pierre gesterf het. Dit is die tradisionele straf van sekere Arabiere om 'n man so op die woestyn oop te spalk en hom dan daar te los. Hulle besoek hom nooit eens weer nie, want hulle weet dat wanneer hulle terugkom, hulle slegs sy beendere sal sien." Dit vertel Teuns veral vir die jong rekrute om hulle onder die indruk te bring van die aaklige pyniging wat die Sahara dikwels 'n mens toebring.

Lank staan hulle daar so en tuur na die vier stukke rieme, na die vier penne en na die verlate graf.

Eers toe die voorwind van die storm om die houtkruis begin sing, kom hulle weer tot besinning, word hulle teruggevoer na die werklikheid en besef hulle dat hulle liewers skuiling sal moet soek.

Toe hulle weswaarts kyk, sien hulle hoedat die wind oor die sand aangehuppel kom, hoedat die lang stofstrepe soos rooi vere in die laat namiddag aangeskarrel kom. Sien hulle hoedat die sand hoog deur die blou lug opkook.



Met 'n vreemde gevoel in hul harte, met 'n eienaardige prikkeling in die binneste neem hulle afskeid van die vergete graf van Jean Pierre Verchors. Teuns lei hulle vinnig weg na een van die hoë klipriwwe wat soos 'n swart maanhaar uit die sand opstaan. Hy lei hulle direk na 'n swart kol wat lyk soos 'n groterige spelonk. Hulle haas hulle nou, want die wind haal hulle in en dit dryf klein klippies teen hul hande vas sodat dit vir hulle voel hulle word deur koletjies vuur getref. Die laaste ent draf hulle stadig deur die sand. Die tamme liggame word vir laas ingespan om beskutting te bereik voordat die sandstorm met volle geweld kom tref.

Die wind loei en sing om hulle. Die stofdamp is reeds verstikkend hoewel hierdie maar die voorspel is van die donker geweld wat op die Sahara gebore word.

Dit is toe hulle byna die klipmaanhaar bereik, dat hulle op die eienaardige slagting afkom. Dit is 'n trop vee wat hier verwoes is. Skape, bokke, lammers lê oor die sand verstrooi. Die velle is deur die aasvoëls verskeur. Die bene lê rondgestrooi en slegs hier en daar is nog 'n karkas wat naasteby heel is. Hulle steek vas tussen die stinkende chaos en verwonder hulle aan die fantastiese toneel. Dit lyk asof die diere hier voor die kliprif doelbewus vasgekeer en toe stelselmatig om die lewe gebring is. Van die kleinste tot die